

## **BELANGRIKE KENNISGEWING**

### **HEMIS-HERTOELATING VIR 2017**

**Studente wat dalk nie genoeg krediete in 2016 gaan verwerf om hertoelating vir 2017 te kry nie, moet asseblief hulle US-E-POS in die Desembervakansie lees.**

Studente wat in die loop van 2016 nie genoeg krediete verwerf om aan die HEMIS-hertoelatingsvereistes tot die Universiteit vir 2017 te voldoen nie, sal vóór 24 Desember 2016 per sms daarvan in kennis gestel word, en ook **per e-pos** by hulle **US-E-POSADRES** 'n brief kry wat die situasie sal verduidelik.

**LW: Neem dus asseblief kennis dat hertoelatingsbriewe nie per gewone pos gestuur sal word nie.**

- Sommige studente sal 'n e-pos ontvang wat hulle slegs sal **waarsku** dat hulle nie heeltemal genoeg krediete in 2016 verwerf het nie, maar dat hulle wel toegelaat sal word om weer in 2017 as student te registreer, **sonder dat dit nodig sal wees om aansoek vir hertoelating te doen.**
- Ander studente sal 'n e-pos ontvang wat hulle sal meedeel dat hulle **nie hertoelating tot die US vir 2017 gekry het nie en gevolglik nie verder aan US mag studeer nie.** Hulle sal wel die kans kry om aansoek vir hertoelating vir 2017 te doen, en vir hierdie doel sal 'n aansoekvorm, wat gebruik kan word om aansoek vir hertoelating vir 2017 te doen, saam met die e-pos gestuur word. Dit sal in die e-pos en aansoekvorm verduidelik word hoe die aansoek gedoen moet word. Indien dit moontlik is dat u dalk in hierdie situasie kan beland en nie hertoelating vir 2017 kry nie, maar wel u studies graag in 2018 sal wil voortsit, sal u by UNISA modules moet slaag om u kanse op hertoelating te versterk. **Let asseblief daarop dat die sluitingsdatum van aansoeke by UNISA vir studie in 2017 einde SEPTEMBER 2016 is.**

Studente kan ook hulle hertoelatingsstatus vir 2017 volg by: [my.sun.ac.za](http://my.sun.ac.za) **>>Voorgraads >>Administrasie >>Hertoelating vir Studies**

JA Aspeling  
**REGISTRATEUR**  
Mei 2016